PASGA 2017

Ex 12: 1-14

Paasfees is 'n veel groter gebeurtenis as geverfde paaseiers en paashasies ..

- Waar kom paaseiers vandaan? / Dake's Annotated Ref Bible: 'n enorme groot eier het uit die hemel geval in die Eufraatrivier / 'n vis het dit tot by die bank van die rivier gerol waar 'n duif dit uitgebroei het / uit dié eier het Astarte, Ishtar, die godin van die Pase gekom
- Pesach (Hebr): beteken 'to pass over' – vandaar die Engelse woord 'Passover' – 'om oor te slaan'
- Ex 12: 23 sê dat wanneer God die bloed aan die deurposte sien, Hy daardie deur sal oorslaan en die verderwer nie toelaat om in daardie huis in te gaan nie

Die Lam van God

- Na die instelling van die Pasga in Ex 12 en die daaropvolgende uittog van die Israeliete uit Egipte, het die Israeliete 1 500 jr lank getrou die Pasga gevier ..
- .. totdat God in die volheid van tyd die ware Paaslam, Jesus Christus, gestuur het
- Johannes die Doper was besig om die mense voor te berei vir die koms van die Messias / Jesus kom toe aangestap en hy stel Hom voor as 'die Lam van God wat die sondes van die wêreld sou kom wegneem' (en nie as Koning, Skepper, Almagtige nie)

Skadu's volmaak vervul

- Deur die ooreenkoms tussen die Israelitiese paaslam en ons paaslam Jesus Christus te bestudeer, staan ons sprakeloos voor die wysheid van God en die verstommende wyse waarop Hy God se verlossingsplan kom uitvoer het
- Die vereistes wat in Ex 12 gestel is en waaraan die paaslammers van ouds moes voldoen, is volmaak in Christus vervul:

Skadu 1 / Vervulling: 'hierdie maand moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees'

- Volgens Ex 12: 2 kondig pasga die begin van 'n nuwe jaar aan; die pasgafees val ook in die lente wat opsigself 'n toonbeeld van nuwe lewe is na die doodsheid van die winter / Jesus, ons Paaslam, vervul dié profetiese heenwyser deurdat ons by wedergeboorte 'n nuwe lewe, 'n nuwe begin gegee word / 2 Kor 5: 17 sê: 'Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword'

Skadu 2 / Vervulling: 'elke huisgesin moes 'n lam van die 10de tot die 14de van die maand opsysit'

- Volgens Ex 12: 3, 6 moes die lam op die 10de dag van die maand tot die 14de dag van die maand opsygesit word / vir 4 dae lank is die lam dan deeglik ondersoek voordat dit geslag is / daar is eers seker gemaak die paaslam is vlekkeloos en sonder gebrek / Jesus kom op dieselfde dag as die paaslammers Jerusalem binne en word vir 4 dae lank tot vervelens toe ondersoek / Fariseers, skrifgeleerdes, Pontius, Herodes, Annas, Kajafas en Pilatus ondervra of ondersoek Hom / uiteindelik sê Pilatus: 'Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man' / met hierdie woorde is Jesus, ons Paaslam, vlekkeloos verklaar / soos 1 Pet 1: 19 sê: ' 'n Lam sonder gebrek en vlekkeloos'

Skadu 3 / Vervulling: 'geen been in pasgalam se liggaam mag gebreek word nie'

- Hoewel Jesus bomenslik & brutal gemartel is (gesaaln, gegesel, spies gesteek, baard uitgepluk, gespoeg, onherkenbaar vermink), is daar geen been in Sy liggaam gebreek nie / Jesus het dus dié skadu volmaak kom vervul

Skadu 4 / Vervulling: 'op die 14de dag van Nisan, die 3de uur volgens Joodse tyd, is die pasgalammers by die tempel geslag'

- Rabbynse Talmud bevestig dit!
- Dit was die presiese tyd wat JC, ons Pasgalam, aan die kruis vasgespyker is / 1 500 jaar na die instelling van die Pasga in Ex 12, is ons Pasgalam, JC, vir ons geslag / Sy bloed bedek nie net ons sondes nie – dit wis ons sondes uit
- Abraham – Isak – berg Moria – presiese plek waar Jesus later gekruisig is

Skadu 5 / Vervulling: 'geen uitlander of onbesnedene mag die pasga gebruik het nie'

- Vandag is diegene wat weens hul geloof 'in Christus' is, 'nie meer vreemdelinge of bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God' (Ef 2: 19)

Skadu 6 / Vervulling: 'die bloed van 'n lam moes aan die deurposte en bodrumpel van die huise van die Israeliete gesmeer word – dan sou God hulle oorslaan (pass-over) en nie die verderwer toelaat om hulle te besoek nie'

- Jesus sê in Joh 10: 9: 'Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word

1 Kor 1: 18: 'Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God'

Rom 8: 6-7

- Jesus is die Middelaar van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is
- Middelaar: beteken dat Jesus God en mens aanmekaarskakel / verbind / link together
- Vader en Jesus is in 'n verbond met mekaar – mens die begunstigde – met Christus se bloed geseël

3 redes waarom mense verbond met mekaar gesluit het

- Beskerming / protection
- Besigheidsdoeleindes / business purposes
- Liefde / love

Stappe by verbondsluiting – Jesus vervul al 8 stappe

- Kleed omgeruil: alles wat ek besit en wat myne is, is nou joune – ons kleed van sonde & kleed van geregtigheid
- Wapens omgeruil: militêre vermoë: gee vir ons wapenrusting & neem ons swakhede op Hom
- Name uitgeruil / gekombineer: ek kan oral gaan en verbondsvennoot se naam gebruik / Joh 16: 23: 'Alles wat julle die Vader in My Naam sal vra, sal Hy julle gee'
- Verbond gesny / handpalms of gewrigte / term bloedbroers en handskud se oorsprong: Sy handpalms deurboor

- Karkas van dier middeldeur gesny van agterkant van kop tot onderkant van sy rug / stap dan in 8 formasie om dit / 2 halwes eintlik een dier – twee partye eintlik een: Sy liggaam verbrysel
- Lees van die seeeninge en die vloeke / Gal 3: 13: 'Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word': Bybel die 'laws of the covenant – old and new – geen vloeke nie
- Rig gedenksteen op / partye het iets opgerig om hulle te herinner aan die verbond / plant boom of stapel hoop klippe op soos Laban en Jakob in Gen 31 – kruishout op Golgota
- Eet verbondsmaal - nagmaal

Eerste bloedverbond al in tuin van Eden

- Adam en Eva / vyeblare / God slag dier / bloed moes vloei en onskuldige moes sterf in plek van skuldige

Kain en Abel

- Gen 4: 1-8
- God het Abel se offer aangeneem maar Kain s'n verwerp – God egter nie aannemer van die persoon nie
- Kain dus nie verwerp omdat Abel beter mens ws nie
- Abel se offer was beter as Kain s'n
- As die offer aanvaarbaar is vir God, is die mens ook aanvaarbaar vir God
- Kain se offer afgewys omdat hy nie tot God genader het op die basis van die bloed nie
- 1 Joh 3: 11-12 sê Kain se offer was onaanneemlik vir God omdat dit werke was in Sy oë

Die laaste Pasga – Mat 26: 17-30

- Toe neem Hy die beker .. en sê: 'drink almal daaruit. Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sonde
- Dit was verbondstaal – Jesus sê Hy is die offerdier / volmaakte Pasgalam wat tydens verbondsluiting geslag gaan word
- Hierna is Hy kruis toe om ons skuld te gaan betaal!

Goddelike uitruiltransaksie

- Jesus egstraf – ons vergewe
- Jesus sonde geword – ons die geregtigheid van God in Christus
- Jesus gewond – ons gesond / genees
- Jesus het dood gesmaak – ons ewige lewe deelagtig
- Jesus het vloek geword – ons geseend kan wees
- Jesus het armoede op Hom geneem sodat ons in Sy oorvloed kan deel
- Jesus ekstreme stresvlakke (hematidrosis) – ons oor niks besorg hoef te wees nie
- Jesus deur God verlaat – God sal ons nooit begewe en nooit verlaat nie
- Jesus het Homself geen rus gegun nie / Luk 9: 58: 'Toe sê Jesus vir hom: 'Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy hoof kan neerlê nie